Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

APRIL 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BEURTKRAG

GEBEURLIKHEIDSPLANNE VIR NOODSAAKLIKE DIENSTE IN PLEK

Gegewe die probleme waaronder Eskom tans gebuk gaan, het Munisipaliteit Overstrand 'n gebeurlikheidsplan in plek gestel om die impak van langdurige kragonderbrekings die hoof te bied en ooreenkomstig is 'n span, wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verslag doen, spesiaal gelas om die kragsituasie deurentyd te monitor.

Reeds by die eerste blyke 'n paar jaar gelede dat die kragreus dalk in die moeilikheid kan wees, het die Munisipaliteit sy hoofkantoor en alle satelliet administratiewe kantore in Gansbaai, Stanford en Kleinmond sowel as die 24/7-beheerkamer met kragopwekkers toegerus sodat die publiek van ononderbroke diens verseker kan wees. Tans is die uitsondering egter die verkeersafdeling op Hermanus wat nog nie op 'n kragopwekker kan staatmaak nie, wat daarop neerkom dat geen toegang tot die eNaTIS- en gerekenariseerde boetestelsel tydens kragonderbrekings verkry kan word nie. Na verwagting sal daar in die komende boekjaar van hierdie situasie werkgemaak word.

Aangesien die kragsituasie oënskynlik aan die verswak is, het die Munisipaliteit onlangs 'n omvattende evaluering onderneem om te bepaal watter impak Eskom se voortgesette beurtkragpraktyk op sy 69 water- en afvalwateraanlegte sal hê, d.w.s. daardie suiweringsaanlegte en pompstasies wat van Eskom-krag afhanklik is.

Inaggenome die impak van beurtkrag op beide die gemeenskap en die omgewing is daar bevind dat rioolpompstasies die kwesbaarste is. Ondanks die feit dat 'n aantal van hierdie aanlegte van permanente bystandsopwekkers voorsien is, is planne nou ook beraam oor hoe om ander hulpbronne soos mobiele opwekkers en tenkwaens te ontplooi ten einde die impak van beurtkrag te versag indien toestande kritieke afme-tings sou aanneem.

Bo en behalwe voorsiening vir die berging van addisionele brandstof by depots en deurlopende noukeurige monitering van opwekkers se brandstofvlakke, sluit verdere gebeurlikheidsmaatreëls ook die volgende in:

- Om te verseker dat alle reservoirs na gelang van vraag en met inagneming van verliese weens gebarste pype sover moontlik op die hoogste moontlike vlak gehou word;
- Om deurentyd die vlakke te monitor van rioolpompstasies wat telemetries verbind is om te verseker dat tenkwaens/kragopwekkers tydig ontplooi kan word om stortings te minimaliseer; en
- Om te verseker dat die plaaslike afdeling omgewingsdienste en die Departement van Water en Sanitasie op 'n gereedheidsgrondslag is om hulp te verleen indien dit nodig sou wees om met behulp van standaard-bedryfsprosedures 'n rioolstorting te bekamp of op te ruim.

GEEN VERKEERSLIG? STOP!!

Motoriste word daarop attent gemaak dat ook verkeersligte deur beurtkrag geraak word.

As 'n verkeerslig nie werk nie, hetsy dag of nag, benader hierdie krui-sings asof hulle 'n vier-stop is.

Tydens spitsverkeer sal verkeersbeamptes by vername kruisings diens doen en tydelike stoptekens oprig om motoriste te waarsku. Ons doen egter 'n beroep op alle motoriste om veral snags ekstra waaksaam te wees.

Aangesien die meeste van ons die aantal verkeersligte in ons area sommer so op die een hand kan tel, kan ons seker nie voorgee dat ons nie van hulle bestaan bewus is nie. Ter wille van almal se veiligheid - veral dié van voetgangers - moet dus nie die verkeerslig verontagsaam nie, selfs al werk hy nie!

WERK VIR WATER SE ABET-PROJEK KLINKKLARE SUKSES

Burgemeester Rdh. Nicolette Botha-Guthrie; Liezl Bezuidenhout, Bestuurder Omgewingsdienste; Tracy Sampson, Werk vir Water se projekbestuurder; Coenie Groenewald, Munisipale Bestuurder; en Stephen Muller, Direkteur Infrastruktuur en Beplanning.

Met behulp van befondsing deur die Departement van Omgewingsake is Overstrand deur sy Werk-vir-Water- (WfW) vennoot getaak om 'n ABET- (basiese onderwys en opleiding vir volwassenes) projek vir WfW-begunstigdes en -kontrakteurs te implementeer wat daarop gerig is om hul geletterdheid en syferkennis te evalueer en te verbeter.

Bulletin kondig met trots aan dat diegene wat die eksamen afgelê het, moeilike omstandighede ten spyt, 'n honderd-persent-slaagsyfer behaal het en dat Overstrand vir sy onderskraging van die WfW se oogmerke met die Christine Fortuin-gedenktoekenning as Die Kliënt van die Jaar beloon is.

Met behulp van hierdie ABET-program het baie van die begunstigdes vir die eerste keer in hul lewens geleer om te lees, te skryf en eenvoudige wiskunde te doen. Gegewe dat die oudste by die 60 trek en dat geeneen vir 'n oomblik hul plig versuim het nie, kom alle lof hierdie begeesterde groep toe: Welgedaan!

OVERSTRAND-BIBLIOTEKE BELOON

Hier deel Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, MunisipaleBestuurder Coenie Groenewald en Hermanus se Senior Areabestuurder Don Kearney saam met Alette en Belinda in die vreugde.

Ter viering van ons kleurvolle Kaap, hou die provinsiale Departement van Kultuursake en Sport jaarliks 'n toekenningseremonie om erkenning te verleen aan diegene wat sorg dat die sektore kuns, kultuur, taal, erfenis, museums, argiewe, geografiese name en biblioteke in die Provinsie lewend bly.

By hierdie prestige geleentheid wat op Maandag 9 Februarie in die Baxterteater gehou is, het die eer om as Beste Groot Openbare Biblioteek gekroon te word die Hermanus-biblioteek te beurt geval, onderwyl die Hawston-biblioteek met die louere as Beste Openbare Biblioteek: Jeugdienste weggestap het.

Die grootste van die agt biblioteke in Overstrand, is Hermanus-biblioteek 'n geliefde en gewaardeerde "kultuurbate" wat 'n aktiewe rol in gemeenskapsopheffing speel. Op sy beurt gaan die Hawston-biblioteek uit sy pad om vir jeugdiges met spesiale behoeftes voorsiening te maak - 'n poging wat spesiale vermelding deur die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport verdien het.

Ons is nie 'n bietjie trots op ons toegewyde bibliotekaresses en hul personeel nie en wil in die besonder ons dank betoon teenoor Alette Kotze, Hermanus, en Belinda May, Hawston, vir hul onbaatsugtige toewyding en geesdrif.

MUNISIPALE BOETES

HOE OM VERTOË TE RIG AANGAANDE MUNISIPALE BOETES

Beweerde oortreders van verkeerswette en munisipale verordeninge wat vertoë wil rig om hulle munisipale boetes óf te laat ophef óf te verminder, moet kennis neem van die volgende reëlings:

Voor betaal- en/of hofdatum:

- Alle vertoë vir opheffing of vermindering moet skriftelik gedoen word. Vul bloot die standaardvorm in wat by jou plaaslike verkeersafdeling, die addisionele hof of op die webtuiste www.overstrand.gov.za beskikbaar is en heg 'n afskrif van die boete sowel as enige ondersteunende dokumentasie aan.
- Om sake te bespoedig, handig die bogenoemde direk by die ter sprake verkeersafdeling in wat dan alle tersaaklike besonderhede op hul stelsel sal vaslê en die vertoë sal verwys na die verkeers- of wetstoepassingsbeampte wat die boete uitgereik het om insae te verkry in sy/haar weergawe van die gebeure wat tot die boete aanleiding gegee het.
- Nadat al die bewyse, soos hierbo uiteengesit, versamel is, sal die aangeleentheid na die verkeershoof of sy/haar gedelegeerde vir oorweging verwys word. Laasgenoemde sal 'n aanbeveling maak oor of die aangeleentheid vervolging regverdig en/of die boete verminder of teruggetrek moet word.
- Hierdie aanbeveling word dan na die munisipale aanklaer vir finale besluitneming verwys. Let in hierdie verband daarop dat die aanklaer nie gebonde is aan die aanbevelings wat gemaak word nie.
- Wanneer die munisipale aanklaer 'n besluit geneem het, sal alle tersaaklike dokumentasie en besonderhede van die uitslag na die tersaaklike verkeersafdeling teruggestuur word wat dan die beweerde oortreder sal inlig oor die uitkoms van die vertoë wat gerig is.
- Indien die beweerde oortreder nie tevrede is met die bevindings/besluit van die munisipale aanklaer nie, sal die volgende stap wees om op die hofdatum in die hof te kom verskyn vir reël van 'n verhoordatum.

By hofverskyning:

- Soos hierbo uiteengesit, sal vertoë om 'n verlaging/terugtrekking van 'n boete slegs aangehoor word indien sodanige vertoë skriftelik gerig word. Vir hierdie doeleindes moet 'n standaardvorm (verwys details hierbo) ingevul word waarop die redes vir die verlaging of terugtrekking aangedui word. Hierdie vorm moet vergesel wees van 'n afskrif van die boete, die kontroledokument (die dokument wat in die hof gebruik gaan word) sowel as enige ondersteunende dokumentasie.
- Sodra alle voorafgaande dokumentasie by die klerk van die hof ingedien is, sal hy/sy dit onmiddelik aan die aanklaer ter oorweging voorlê, en die uitslag hiervan sal onverwyld beskikbaar gestel word. Indien die beweerde oortreder nie met die uitslag van die vertoë tevrede is nie en nie 'n betaling wil maak nie, kan hy of sy dan die opsie uitoefen om in die hof te verskyn en sy/haar saak in die hof te stel.
- Inaggenome dat sekere boetes dalk op die dag van hofverskyning betaalbaar mag wees, sal die hofpersoneel na die beste van hulle vermoë sorg dat hierdie sake onverwyld aandag geniet. In gevalle waar 'n boete verlaag word en die oortreder steeds nie by vermoëns is om daardie boete af te los nie, sal daar van hom/haar verlang word om voor die addisionele hof te verskyn en 'n versoek tot uitstel/latere betaling aan die hof te rig.
- Let daarop dat slegs boetes en lasbriewe by die hof betaal kan word en dat vergunning om vertoë tot die hof te rig, nie beteken dat beweerde oortreders van die bywoning van hofverrigtinge verskoon word nie.

Vir meer inligting oor hoe om jou verkeersboete te betaal, kontak Lesbury Smith, Lisl Carolissen of Carol Gardiner by 028 313 8174. Besonderhede oor die werksaamhede van die addisionele hof kan bekom word deur Zaza Hlazo by 028 313 8041 te kontak.

STRAATNOMMERS WORD GEWYSIG

Neem asseblief kennis dat straatnommers in die Overstrand-area hersien word en dat u moontlik hierdeur geraak kan word. Hierdie inligting verskyn op u munisipale rekening. Navrae kan gerig word aan Lee-Ann Rauch by 028 313 8910 of lrauch@overstrand.gov.za.

BRANDWEERHOOF SÊ DANKIE

Lester Smith

Tussen Vrydag 27 Februarie en Sondag 8 Maart is Overstrand Brand en Redding uitgeroep om 29 brande in Hawston, Bettysbaai en Gansbaai te bestry.

Brandweerhoof Lester Smith wil graag sy dank betuig teenoor daardie lede van die gemeenskap, sake-eienaars, organisasies, ander afdelings binne Overstrand en munisipaliteite in die omstreke vir die hulp en bystand verleen en skenkings ontvang.

Aangesien weerstoestande tans steeds gunstig is vir die ontstaan en verspreiding van wegholveldbrande, maan hy ook dat inwoners uiters versigtig met oop vure moet wees.

Ons is saam met Lester dankbaar dat sy span veilig deur hierdie tyd gedra is, en betoon ook ons medelye teenoor die gesinne van daardie brandbestryders wat elders in die Provinsie hul lewens weens brande verloor het.

GROTTO & VOËLKLIP TEL ONDER TOP 25 STRANDE IN AFRIKA!

Trip Advisor, 'n aanlynreisgids waar toeriste vir hul gunsteling strand kan stem gegrond op 'n vorige ervaring, lys Grotto nou in die 13de en Voëlklip in die 22ste plek onder die beste strande om in Afrika te besoek. Gegewe dat die statistiek wat op hierdie webwerf gereflekteer word, afgelei is uit data komende van reisigers die wêreldeur, en die feit dat Suid-Afrika met "idilliese" bestemmings soos die Seychelle en Marokko moet meeding, is om onder die Top 25 te tel voorwaar 'n prestasie. *Welgedaan!*

SPESIALE OPENBARE WYKSVERGADERINGS OOR DIE 2015/16-KONSEPBEGROTING

Die openbare vergaderings sal plaasvind op die datums en tye soos aangetoon:

Datum	Tyd	Lokaal	Area	Wyk
7 April 2015	18:00	Stadsaal	Kleinmond	9
8 April 2015	18:00	Sandbaaisaal	Sandbaai	7
9 April 2015	18:00	De Wetsaal	Onrus	13
13 April 2015	18:00	Raadsaal	Gansbaai	1 & 2
14 April 2015	17:30	Ouditorium	Hermanus	3
15 April 2015	18:00	Moffatsaal	Mt Pleasant	4
20 April 2015	18:00	Crassulasaal	Bettysbaai	10
21 April 2015	16:00	Hengelklub	Pearly Beach	11
	18:00	Gemeenskapsaal	Stanford	11
22 April 2015	18:00	Zwelihle Primêre Skool	Zwelihle	5,6,12
23 April 2015	19:00	Thusongsentrum	Hawston	8

Kontakpersoon: Rita le Roux by 028 313 8074

OAK VERWELKOM OOSTENRYKSE TRIO

Op Sondagmiddag 26 April gaan die **TRIO FRIZZANTE** uit Oostenryk OAK se gaskunstenaars wees. **Marlies Gaugl (fluit), Katarzyna Bieniasz-Morrison (tjello) en Doris Lindner (klavier)** gaan die gehoor bekoor met die volgende werke: Trio nr 30 in F-majeur (Haydn); Trio vir fluit, tjello en klavier (Martinü); Three Moments (Lang); Trio vir fluit, tjello en klavier, Op. 86 (Kapustin) en Trio in G-mineur, Op 63 (Weber).

Die konsert begin om 15:30 in die Ouditorium van die Burgersentrum op Hermanus. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente/skoliere). Bespreek by BELLINI-GALLERY by 028 312 4988. Skakel sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere besonderhede.